PAASFEES-HANDE



lofland

Ons gebruik ons hande elke dag. Deesdae is ons nog meer bewus van ons hande omdat ons dit gereeld goed moet was met seep en water of deeglik moet skoonmaak met handreiniger. Ons gebruik elke dag ons hande om mee te werk. Ons doen skoolwerk, neem aan sport deel by die skool en help met takies in en om die huis (hopelik nou nog meer as gewoonlik 😊). Ons kan ook ons hande gebruik om of stukkend en seer te maak, of om te sorg en te seën.

Kom ons kyk hoe Jesus sy hande gebruik het en watter rol hande tydens die Paas-gebeure gespeel het.

1. Jesus se sorg en seën

Net soos sy aardse pa, Josef, was Jesus gewoond daaraan om met sy hande te werk. Jesus het Josef sekerlik van kleins af gereeld in sy skrynwerkerswinkel (houtwerkswinkel) gehelp deur houtsaagsels op te vee en gereedskap aan te dra. Later het Hy self goed met sy hande uit hout gemaak. Toe Jesus ongeveer 30 jaar oud was het Hy begin om te wys dat Hy nie net Josef en Maria se seun was nie, maar die Seun van God. Deur die wonderwerke wat Hy gedoen het het Hy sy hande gebruik om te sorg en te seën.

Ons lees in die evangelie hoe Jesus ‘n blinde man aan die hand gevat en uit die dorp gelei het. Jesus het sy hande op die man se oë gesit en hy kon sien! (Markus 8:22–26). Jesus het ‘n dogterjie wat dood was aan haar hand gevat en vir haar gesê: “Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!” En sy het! (Markus 5:41).Op ‘n dag het ‘n melaatse man vir Jesus gesê: “Here, as U wil, kan U my gesond maak.” Jesus steek sy hand uit, raak hom aan en sê: “Ek wil.” En sy melaatsheid was onmiddellik weg (Lukas 5:13). ‘n Ander keer het meer as 5000 honger mense voor Jesus gesit. Hy het die vyf broodjies en twee vissies wat beskikbaar was in sy hande geneem, vir God daarvoor dankie gesê en dit met sy hande in stukke begin breek en breek….. Die dissipels het dit uitgedeel totdat almal genoeg geëet het (Markus 6:35-44). ‘n Tyd later het pappas en mammas hulle kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy hulle kon aanraak. Die dissipels het egter met hulle geraas. Maar Jesus het hulle nader geroep, sy arms om hulle gesit, aan hulle geraak met sy hande en hulle geseën (Markus 10:13–16).

Jesus het sy hande gebruik om te sorg en te seën. Daar was egter ander mense wat hulle hande wou gebruik om Jesus stukkend en seer te maak.

Jesus voer die skare

Kleur die prentjie op jou mooiste in 😊



2. Jesus word deur gegryp en gevange geneem.

Juda, een van Jesus se dissipels, het na die priesterhoofde toe gegaan en vir hulle gevra: “Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?” Hy het geweet hulle beplan om Jesus dood te maak. Hulle was bereid om hom 30 stukke silwer te betaal. Van toe af het Judas uitgekyk na ‘n geleentheid om Jesus te verraai (Matteus 26:14–16).

Jesus het geweet dat sy dood naby was en het sy dissipels in die nag na die tuin van Getsemane geneem om daar saam met Hom te bid. Judas het sy kans om Jesus te verraai raakgesien. Hy het met ‘n klomp mense wat stokke en swaarde in hulle hande gehad by die tuin opgedaag. Hulle het Jesus gegryp en Hom gevange geneem. Een van Jesus se dissipels, Petrus, het sy swaard uitgepluk en die slaaf van die hoëproester se regteroor afgekap. Hy het sy hande gebruik om stukkend en seer te maak ☹. Jesus, al was Hy nou onregverdig gevang, het sy hande gebruik om te help en weer heel te maak. Jesus het die slaaf se oor aangeraak en dit gesond gemaak (Matteus 26:47-52); Lukas (22:47–51). Daarna het hulle Jesus weggelei na die huis van die hoëpriester, Kajafas. Daar het die priesterhoofde en die hele Joodse Raad mense oortuig om leuens oor Jesus te vertel sodat hulle Hom kon laat doodmaak. Hulle het Jesus in sy gesig gespoeg en met die vuis geslaan. Hulle hande het stukkend en seer gemaak (Matteus 26:57 – 60).

Omdat die Romeinse Ryk steeds in beheer van die gebied was, moes die goewerneur, Pontius Pilatus, die opdrag gee dat Jesus doodgemaak moes word. Vroeg die volgende oggend is Jesus voor Pilatus gebring. Pilatus kon egter geen bewyse vind dat enige van die leuens wat oor Jesus vertel was, waar was nie. Al wat Jesus gesê het, was dat Hy die koning van die Jode was. Tydens die paasfees het Pilatus egter gewoonlik een gevangene van die mense se keuse vrygelaat. Hy het besluit om die mense die keuse te gee tussen Jesus wie se hande net gesond gemaak het en geseën het, en Barnabas, ‘n wrede man wie se hande al doodgemaak het. En toe kies die mense dat Barnabas vrygelaat en Jesus gekruisig moes word! Pilatus het toe ‘n bak water geneem en voor die skare mense sy hande daarin gewas. “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man,” het hy gesê (Matteus 27:15–26; Markus 15:7). Pilatus het Jesus laat slaan en opdrag gegee dat Hy gekruisig moes word

Jesus word aangekla

Soek die woorde hieronder gelys en omsirkel dit. Vra gerus vir Mamma en/of Pappa om te help 😉

Soek die woorde:

BOKLERE
CHRISTUS
DIENSPERSONEEL
DOOD
DRIE
FAMILIEHOOFDE
GELASTER
GESLAAN
GESPOEG
GETUIENIS
GETUIES
HEMEL
HOEPRIESTER
JESUS
KAJAFAS
LEIERPRIESTERS
PROFETEER
SANHEDRIN
SKRIFKENNERS
SLAAN
STILGEBLY
TEMPEL
WOLKE

Jesus voor Pilatus

Voltooi die prentjies deur die nommers in volgorde te verbind. Vra gerus vir Mamma en/of Pappa om te help 😉 Kleur die prentjie dan op jou mooiste in



3. Jesus word deur soldate se aan ‘n kruis vasgespyker.

‘n Hele klomp Romeinse soldate het rondom Jesus kom staan. Hulle hande het Jesus se klere uitgetrek en ‘n pers mantel om Hom gehang. Hulle hande het ‘n kroon uit doringtakke gevleg en op Jesus se kop gesit. Hulle het ‘n stok in Jesus se regterhand gesit en Hom oor die kop geslaan daarmee. Dit het die dorings nog verder deur sy vel laat steek. Hulle hande het stukkend en seer gemaak! Nadat Jesus reeds baie seergekry het, het Hy met sy eie hande ‘n swaar houtkruis na die heuwel Golgota gedra. Toe Jesus nie meer kon nie, het soldate vir Simon van Sirene uit die skare wat gestaan en kyk het gegryp. Simon se hande het Jesus gehelp en die kruis verder gedra. Op Golgota het soldate-hande spykers in Jesus se hande geslaan om Hom aan die kruis vas te maak. Bokant Jesus se kop het hulle ‘n bordjie aan die kruis vasgespyker waarop daar geskryf was: “Dit is Jesus, koning van die Jode.” (Matteus 27:27-37)

Teen 12 uur die middag het dit donker geword en dit het donker gebly tot drie uur. Die voorhangsel van die tempel het middeldeur geskeur sonder dat iemand se hande daaraan geraak het. Jesus het hard uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor” (Lukas 23:46). Toe het Hy gesterf. ‘n Soldaat het sy spies in Jesus se sy gesteek om seker te maak dat Hy dood was (Johannes 19:34).

Laat daardie middag het Josef van Amaratia Jesus se liggaam gaan haal, dit met sy hande in skoon linne toegedraai en neergelê in ‘n nuwe graf wat uit rots gekap was. Hy het sy hande gebruik om Jesus na sy dood te versorg. Hy het ‘n groot klip voor die ingang van die graf gerol. Soldate het by die graf gaan waghou en die klip voor die opening is goed verseël (Matteus 28:57–66). Daarna is almal huis toe om die Sabbat te vier.

Jesus se doringkroon



1. Knip die papier in 4 repe

2. Knip een van die repe verder in drie repe, maar moenie dwarsdeur knip nie, los hulle vas aan die een kant



3. Vleg nou die repe

4. Moenie die eerse twee keer wat jy vleg die papier repe omvou nie, maar wel van die derde keer af. Moenie die vlegsel te styf maak nie, dan skeur die papier



5.

6.

7.

8. Kram die ente. Maak soveel repe soos wat jy nodig het om die grootte kroon te maak wat jy soek.

9. Kram die repe aanmekaar, lank genoeg vir die grootte van die sirkel wat jy soek.

10. Kram die twee ente aan mekaar sodat dit 'n sirkel vorm

11. Knip reg rondom klein "dorings" uit die kante van die vlegsel. Jy mag dalk die dorings bietjie moet uitkrul om hulle beter te sien

12.

Simon van Sirene help om Jesus se kruis te dra

Help Simon om die pad na Golgota te kry. Vra gerus vir Mamma en/of Pappa om te help 😉

Jesus word gekruisig

Volg die lyntjies (elkeen met ‘n ander kleur) om die letters onder op die regte plek bo te kry. Wat is die word wat weggesteek is?



4. Jesus word deur **aan sy voete vasgegryp en aanbid.**

Vroeg die Sondagoggend, toe dit begin lig word, het ‘n paar vroue na die graf gegaan. Hulle wou Jesus se liggaam met hulle hande insmeer met die reukolie wat hulle aangemaak het. Toe hulle by die graf kom sien hulle dat die klip weggerol is en dat die graf leeg is. Net die doeke waarin Jesus toegedraai was het daar gelê. Skielik staan daar twee mans met wit klere aan wat sê: ”Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek” (Lukas 24:5-6).

Die vroue het bang, maar baie bly, van die graf af weggehardloop om die goeie nuus aan die dissipels te gaan vertel. Skielik het Jesus voor hulle gestaan en hulle gegroet. Die vroue het Jesus se voete met hulle hande vasgegryp en Hom aanbid (Matteus 28:8-9).

Daardie Sondagaand, toe die dissipels almal bymekaar was, het Jesus aan hulle verskyn. Thomas was nie saam met die ander nie. Toe hulle hom later vertel dat hulle Jesus lewendig gesien het, het hy gesê: “As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vingers in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.” Agt dae later het Jesus weer aan sy dissipels verskyn. Hierdie keer was Thomas ook daar. Jesus het vir Thomas gesê: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.” Thomas het vir Jesus gesê: “My Here en my God!” (Johannes 20:19-29).

Jesus het opgestaan!

Kleur die prentjie op jou mooiste in 😊



Wat moet ek hierdie Paasfees onthou?

Jesus het toegelaat dat mense-hande Hom stukkend en seer maak, sodat Hy vir jou kan sorg en jou kan seën. Hy het daar aan die kruis in jou en my plek die prys vir ons sondes betaal, sodat ons nie gestraf hoef te word nie, maar die ewige lewe kan kry. In Johannes 10:28-29 sê Jesus: “Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste vir almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie.”

Wat beteken dit dat niemand jou uit God se hand kan ruk nie? Die ewige lewe wat God jou gee is nie ‘n geskenk wat iemand ooit by jou kan steel nie. Wanneer jy aan God behoort hou Hy jou styf vas, selfs al gebeur slegte goed op aarde met jou.

In Jesaja 49:15-16 lees ons ook dat jy vir God so belangrik is dat Hy jou naam in sy handpalm geskryf het. Hou jou hande voor jou en kyk daarna. Jy kan hierdie Paasfees drie dinge onthou:

- As jy in Jesus glo, gee Hy vir jou die ewige lewe – Maak ‘n tol beweging met jou hande wat van jou middellyf af begin en hoër en hoër beweeg.
- Jou naam is in God se handpalm geskryf – Maak of jou een hand ‘n stuk papier is en jy met die ander hand daarop skryf. Skryf jou eie naam met jou vinger op jou handpalm.
- Niemand kan jou uit sy hand ruk nie - vou jou twee hande saam asof jy iets kosbaars daarin vashou en beskerm.

“Here, baie dankie vir die geskenk van u Seun, Jesus Christus. Ek weet ek is verlore in my sonde. Ek glo dat Jesus ook vir my mens geword het om my sonde te vergewe. Ek glo in Jesus en ontvang nou van U die ewige lewe. Dankie dat U my liefhet en my naam in u handpalm geskryf het.

Dankie dat niemand my uit u hand kan ruk nie.
In Jesus Naam
Amen

Vul jou naam op die onderstaande lyntjie in die handpalm in. Kleur die hand dan op jou mooiste in 😊